# 29 Julie 2023 - Lesing 86 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Verbindinge tussen hemelligame – vreemde verskynsels – 16/11/58

**NO: 7208** Daar bestaan geen aardse materiële wêreld, waarvan die bewoners suiwer liggaamlik die wêreld kan verlaat, sonder om hulle lewe te verloor nie, - ongeag of hieronder hierdie aarde of ander hemelliggame te verstane is wat lewende wesens dra van 'n vaste samestelling, wat afhang van die gesteldheid van die hemelliggaam, dit wil sê, wat hulself by hierdie aard aangepas het.

**En daarom bestaan die moontlikheid <u>nooit</u> dat bewoners van een hemelliggaam hulself na 'n ander kan begewe nie**, omdat die hemelliggaam altyd slegs die lewensvoorwaardes aan die skepsel bied wat aan hom toegewys is deur die Wil van God.

Weliswaar is **geestelike verbindings** moontlik tussen verskillende wêrelde, wat egter altyd alleen geestelike doeleindes nastrewe en beoog, maar nooit sal die bewoners van 'n hemelliggaam vir hulself vaste voordele sou wil of kan besorg, soos wat die mense dit vir hulleself voorstel of hoop nie.

Daar is geen verbindinge tussen verskillende hemelliggame nie, tensy daar 'n geestelike verbinding tot stand gebring word tussen die wesens van geestelike skeppings, wat na alle hemelliggame heen hulle lig kan laat uitstraal en dus ook deur middel van gedagtes met die mense op aarde verbonde is, as hulle so 'n verbinding wil, - as hulle hulself oopstel vir hulle uitstraling. Dan kan die ligwesens ook wel raad gee in aardse opsig, hulle kan hulself oor alle aardse nood van die mense bekommer en in werklik goddelike sin hulle invloed op die mense uitoefen.

Maar dat hulle aan die mense sigbaar sal verskyn, sal 'n groot uitsondering bly in baie besondere gevalle en om 'n heel besondere rede, wat egter nie algemeen geneem mag word nie, deurdat 'n **massale optrede van sulke wesens 'n verwagting kan skep of dan seker aangekondig sal word.**

Die mense moes al besef het dat hulle in die tyd van die einde lewe. Hulle moes al besef wat dit beteken dat die teenstander van God kort vóór die einde van sy vryheid staan, - dat hy opnuut gekluister gaan word en dat **hy weet dat daar nog maar min tyd vir hom oorbly**. En tog glo hy nog **in sy verblinding** dat sy mag sal seëvier - en daarom deins hy vir niks terug om sy vermeende oorwinning te behaal nie.

En as die mense dit weet, dan kan hulle ook vele sake verklaar wat hulle ongewoon raak of vir hulle raaiselagtig skyn te wees en die wetenskap op velerlei gebiede opheldering gee. Onopgehelderde verskynsels duik egter op buite die wetenskap - in gebiede wat eerder **buitesintuiglik** betitel kan word.

En juis hierdie gebiede benut die teenstander omdat sy ontmaskering daar nie so maklik opval nie, - **omdat hy die mense laat glo dat hulle aangespreek word vanuit die geestewêreld vol van lig** en hulle hulleself nou oorgee aan sy invloed.

Hierdie invloed het altyd ten doel om die mense van **die waarheid weg te lei**, hulle denke deur dwaling te verduister, - dus **die terugkeer tot God te verhinder**. Want die gedagtes van die mense word **weer na die materie toe gelei**, wat oorwin moet word tydens die lewe op die aarde.

Wat van die kant van God as "baie binnekort" aangekondig word, - wat met die "nabye einde" saamhang, word deur God se teenstander genegeer. En so word **valse verwagtinge** by die mense gewek wat onverskilligheid teenoor hulle siel tot gevolg het en 'n groot gevaar vir die siele is, dat hulle die einde onvoorbereid sal meemaak en weer vir ewige tye verlore gaan.

Mense wat hulle sinne nie op die wêreld gerig het nie, sal nie ten prooi val aan hierdie verleidingskunste van die teenstander nie, **want hulle op God gerigte blik en hulle verlange na waarheid sal hulle ook 'n korrekte denke verseker.**

En al kan hulle ook nie sulke verskynsels verklaar nie, dit maak geen dieper indruk op hulle lewenswandel nie, - hulle sal vasberade hulle weg gaan tot aan die einde, steeds onder die beskerming van ligwesens wat sal verhinder dat die teenstander van God homself van hulle meester maak.

Want uiteindelik is die wil van die mens self beslissend of en in hoeverre hy in die waarheid wil wandel. Amein.

## Uit die boek "Saturnus" deur Vader gedikteer aan Jakob Lorber

**Hoofstuk 9:10**. Die aanvanklike grootte van Saturnus word verteenwoordig deur haar huidige Ring. Die oppervlak van die buitenste Ring was voorheen die oppervlak van Saturnus. In daardie dae was Saturnus regs en links gelyk gesny, op so `n manier **dat die noordelike dop en die suidelike dop in die oneindige ruimte ingeslinger was,** soos twee leë doppe, want die **bose slang het `n uiters bose gebroedsel losgelaat** op beide hierdie hemisfere.

**Slegs die warm binneste deel het suiwer gebly;** daarom het dit behoue gebly as `n permanente herinnering dat die Groot Argitek van die Heelal `n hemelliggaam kan behou, alhoewel dit nie meer in sy primêre planetêre vorm bestaan nie.

11. Nou sal julle natuurlik wil weet van waar die huidige, heelwat kleiner planeet vandaan kom binne so `n Ring? Ek sal julle vertel, maar maak julle oë en ore sovêr moontlik oop en julle sal `n innerlike kykie kry, nie net wat Saturnus betref nie, **maar betreffende alle hemelliggame.**

Die huidige hemelliggaam, want nou binne hierdie Ring is, het bestaan voordat die suidelike en

noordelike doppe weggeslinger was, **net soos wat dit op die aarde kan gebeur en die doppe weggeneem word; sodat dit al sal wees wat oorbly**.

**Met ander woorde; selfs binne julle aarde is daar `n kleiner aarde en in hierdie aarde, weer `n nog kleiner aarde,** almal aanmekaar verbind slegs deur lug, water en vuur.

Die huidige planeet Saturnus is egter alreeds die derde sfeer, omdat die Ring alreeds die twee sfere verteenwoordig, want dit is heeltemal in twee dele gedeel wat nie aanmekaar raak nie

**Uit die boek "Aarde en Maan" deur Vader aan Jakob**
Lorber gedikteer

[5] Die Noordpool is die **hoofvoedingsmond** van die aarde en die Suidpool haar daarmee ooreenkomende vernaamste afvoerkanaal.

[6] **Hoe lyk hierdie mond dan**? Hy is taamlik groot. Die deursnee van die mond, gereken vanaf die buitenste rand, waar die ingang tregtervormig begin, het gemiddeld `n afmeting van tussen 20 en 30 myl (Ou lengtemaat, 1 Duitse myl = 7,420 kilometer; Dus 150-220km), maar aan die onderkant word hy nouer en meet net iets minder as `n agste myl (900m).


Met dieselfde dikte-afmeting gaan die slukderm taamlik reg na benede tot in die maag van die aardliggaam. Die wande van hierdie slukderm is baie ongelyk en geriffel en oor lang afstande so met puntige uitsteeksels beset, asof sy met die vel van `n reuse ystervark oortrek is.




**SATURNUS**




**Nibiru se baan**





**Fotos van gat by die Noorpool**




**Illustrasie van die binnekant van die aarde**



**Sogenaamde ALIENS**